

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 2/2023**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 2/2023**

*Vanuit die*
## Skoolhoof se Kantoor

Junie-maand staan bekend as Jeugmaand en dit het my laat dink aan wat *Franklin D. Roosevelt* (voormalige president van Amerika) gesê het: "We can't always build the future for our youth, **but we can build our youth for the future.**"

Paarl-skool bou aan 326 jongmense se toekoms. Hier wil ons elkeen se unieke vermoë, persoonlikhede, talente, drome en ambisies ontdek, omhels en ontwikkel, ongeag of dit nou in 'n persoonlike, akademiese, kulturele of sport hoedanigheid is.

Baie bakstene is nodig om ons leerders vir die toekoms voor te berei. Hierdie nuusbrief getuig weereens hoe elke personeellid by Paarl-skool 'n "bouer" in eie reg is en steen vir steen bydra tot ons leerders se ontwikkeling. 'n Groot dankie aan elkeen van hulle vir hul "bouwerk" gedurende hierdie kwartaal.



Paarl-skool verwelkom mev. Annaline Norman as waarnemende skoolhoof.

Dit is egter ook waar dat die leerders in Paarl-skool die personeel se lewens verryk. Dankie vir jul humor, deursettingsvermoë, samewerking, lojaliteit en spontaniteit. Dankie dat julle altyd Paarl-skool se naam hoog hou. Ons is so trots op julle! Ek is baie dankbaar vir die groot voorreg om elke dag iets nuuts by Paarl-skool se leerders te leer.

> "Whatever good things we build, end up building us. – *Jim Rohn*"

Groete
Annaline Norman




**Waarde van die kwartaal**

## Verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid beteken dat jy die dinge doen wat jy veronderstel is om te doen en die gevolge van jou dade aanvaar.
**'n Verantwoordelikheid:** *iets wat van jou verwag word om te doen.*
**Om verantwoordelik te wees:** *om te doen wat jy veronderstel is om te doen.*
**Aanvaar verantwoordelikheid:** *om die lof of die skuld vir iets wat jy gedoen het, te neem .*



Dylan de Jager



Felix Polepole

# Hoofleiers

TWEEDE KWARTAAL

TROTS *op julle!*

# Prefekte reik uit

Paarl-skool se prefekte het hiérdie kwartaal uitgereik na die tweede groep personeellede wat "agter die skerms werk"; wie elkeen daagliks ‘n groot rol in die leerders se lewe speel. Dankie aan die klasassistente, fasiliteerders en nuwe PJII-personeel wat ons leerders met soveel liefde en empatie help. JULLE WORD WAARDEER!










# Landsdiens

Ons Landsdienslede het omtrent 'n opwindende tweede kwartaal beleef. Die leerders het die kwartaal afgeskop met 'n speletjiesaand wat gevolg is met 'n tuindag waar leerders hul eie blompotte geverf het en 'n plantjie geplant het vir Moedersdag. Hulle het ook 'n heerlike basaar bygewoon en tydens 'n kunsmiddag mooi prente vir Vadersdag gemaak.





# Wêreldboekdag

UNESCO Wêreldboekdag word op 23 April gevier. Dit is 'n spesiale dag wanneer ons letterkunde vier en nadink oor ons genot van boeke en lees. By Paarl-skool moedig ons, ons leerders aan om meer oor hul gunsteling onderwerpe te lees. Al die leerders en personeel het boekedag geniet en dit was groot pret om soos bekende karakters aan te trek!









# Sport Hoogtepunte




## Landloop





Ons junior en senior leerders hardloop tans in hul onderskeie ligas en vaar baie goed.
Juniors: Lee-shay Meyer lê tans 6de (hierdie uitslag sluit hoofstroom atlete in).
Seniors: Tatiana Kock tans 1ste in dogters o/14.
Ons sien uit na die res van die ligas volgende kwartaal.
Dankie aan mevv. Elsabé Pienaar en Carlé Terblanche vir hul tyd en moeite met ons leerders.

## Atletiek

Baie geluk aan ons atlete wat in April aan die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB-kampioenskappe in Germiston deelgeneem het. Ongelukkig moes Yusuf Hannibal onttrek weens gesondheidsredes.
Tatum Steiner GOUD Hoogspring
Kiara Swartz SILWER Hoogspring
Seth Brown SILWER 200m
Die Wes-Kaap LSOB-span het die kampioenskappe vir die eerste keer in 33 jaar gewen!



## Sokker

Ons o/12, o/14 en o/16 seuns speel tans in vanjaar se ligawedstryde en lewer goeie resultate. Die o/12 en o/14 seuns het in 3 toernooie by Tafelberg, Paarl-skool en Dominican gespeel. Divan Kotze - o/14 is aangewys as speler van die laaste toernooi. Dankie aan ons afrigters: Buja, mnre. Sheldon, Kevin en Tiaan.




## Para-branderplankry

Chase Winshaw het sy Westelike Provinsie-kleure in para-branderplankry verwerf met 'n goue medalje in sy kategorie. Hy het as die jongste deelnemer aan die Nasionale Para-branderplankry-kampioenskappe in Muizenberg deelgeneem en verwerf 'n BRONS medalje. Baie geluk!












## Para-fietsry

Vier van ons fietsryers het aan die 2023 Toyota SASAPD Nasionale Kampioenskappe deelgeneem wat in Maart 2023 by die Groenpunt Stadion gehou is. Hulle het baie goed gevaar en 8 medaljes huis toe gebring.
Imaad du Toit – 2 GOUD
Zinray Buis – 1 GOUD en 1 BRONS
Tanica Byne – 2 SILWER
Luke Adams – 2 SILWER

# Kultuur

## Koor

Die koor het aan die Suid-Afrikaanse Skoolkore Eisteddfod by Blue Downs Primêr deelgeneem en hul kategorie met 70% gewen. Op 12 Junie het hulle deelgeneem aan die SASKE se provinsiale rondte by die Kunstekaap en wen die Spesiale Behoefte-afdeling. 'n Wonderlike prestasie! Dankie aan mevv. Ronel van Dijk en Anthea Norman vir hul harde werk en toewyding.






# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase het op 31 Mei die Iziko museum in Kaapstad besoek. Daar was groot opgewondenheid onder die leerders en die slapies is afgetel voor die groot dag. Die leerders het die uitstallings baie geniet en die busrit was ook 'n hoogtepunt!







## Grondslagfase

Ons het drie aflosjuffrouens in ons fase verwelkom, terwyl juffrouens, Anke en Lente met kraamverlof is en ons nog wag op die aanstelling van ons departementshoof. Hulle het mooi ingeskakel en is geliefd onder ons leerders.



Die Grondslagfase leerders het met groot opgewondenheid by die skool aangekom na die April vakansie. Gedurende die vakansie is hulle speelgrond kleurvol geverf deur "I am special ministries". Ons rolstoelmaats geniet dit om ook lekker te kan speel.




Baie geluk aan juffrou Ilze van der Westhuizen (Gr.3E) met haar verlowing!



Baie geluk met die geboorte van **Anke Ingram** en **Lente Cloete** se pragtige dogtertjies.






# Funksionele Fase



Op 8 Junie besoek ons Junior Funksionele Fase die "Two Oceans Akwaruim", Dit was 'n onvergeetlike ervaring wat die kinders terdeë geniet het.








## Intermediêre Fase

Wat ‘n besige en opwindende tweede kwartaal van akademie, sport en konsert oefen! Moenie van beurtkrag vergeet nie! Uuurgh! ‘n Uitdaging op sy eie! Steeds is ons ongelooflik trots op die leerders wat deur al die uitdagings nog steeds uitstekend vaar, hulle bly staande, gemotiveerd en gefokus om net hulle beste te gee en al hulle energie in te span vir optimale betrokkenheid en interaktiewe leer. Daar is twee dinge waaroor ons leerders altyd beheer het: hulle **houding** teenoor iets en die **poging** wat hulle insit. Die volgende aanhaling sê alles: **“It doesn’t matter how slowly you go as long as you do not stop! Keep moving forward!”**








## Senior Fase

Ons is trots op ons leerders vir die harde werk wat hulle in hierdie kwartaal gedoen het. Ons waarde van die kwartaal, verantwoordelikheid, word weerspieël in die manier waarop ons leerders eienaarskap van hul studies geneem het en hulself gereed gemaak het vir sukses. Hulle het nie net akademies hard gewerk nie, maar hulle het ook ywerig geoefen vir ons komende konsert. Ons wil graag ons leerders gelukwens met hul moeite en toewyding en hulle herinner dat hul harde werk nie ongesiens verbygaan nie. Ons hoop dat hulle tyd neem om te rus en te herlaai gedurende die vakansie en met hernieude entoesiasme terug te keer skool toe. Ons wens al ons leerders 'n heerlike en rustige blaaskans toe en sien uit daarna om hulle volgende kwartaal weer te sien.

## Werksvoorbereiding

Die Werksvoorbereiding en Funksionele Fase personeel, saam met ywerige VLV dames, het op 5 en 6 Mei pannekoek by Laerskool Brackenfell se sportdag verkoop. Dié fase is voortdurend besig om geld in te samel.





# Ondersteuningspan

## Skolastiese- en Leerondersteuning

### Paarl-skool spreek leesbegrip aan.

Alle leerders in die Intermediêre Fase ontvang elke 2 weke leesbegripslesse om agterstande aan te spreek. Die fokus val op begrip eerder as leesvlotheid. Leerders wat lees as 'n leerhindernis ervaar, luister na die teks en fokus op woordeskat, verbande en vergelykings tussen woorde en aktivering van vooraf-kennis. Elke leerder se leesstukke word vir hulle leesvlak aangepas. Die interaktiewe wyse waarop die rekenaarprogram werk, verseker dat dit pret bly.



# PSOS

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n geregistreede nie-winsgewende organisasie om fondse uitsluitlik vir Paarl-skool in te samel. Alle donasies is belastingaftrekbaar en B-BEE punte kan ook verdien word.

Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation

## Lojaliteitsprojekte




School-Days
Register here for Paarl School

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met u SchoolDays (Dischem) en MySchool (Woolworths) kaarte. Maak gerus Paarl-skool u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die "swipes"! Ons verdien reeds 'n lekker inkomste hieruit!

# Wynveiling

Ons wynveiling gehou op 24 Mei by Eensgezind was geseënd in vele opsigte. Nie net het ons broodnodige fondse ingesamel nie, maar ons het ook nuwe Paarl-skool vriende gemaak en bande gesmee. Die welwillendheid van ons gaste het ons verstom! Baie dankie aan elkeen wat bygedra het tot die sukses van die aand. Gaan loer op die PSOS se Instagram- en Facebookblad vir foto's.









## Sosiale media

Volg asseblief die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se Instagram- en Facebookblad. Help ons om dit te laat GROEI: "like", "share" en lewer (positiewe) kommentaar op ons plasings. Dit gaan ons help om 'n goeie bemarkingsplatform (as 'n dankie-sê) vir ons donateurs te skep.


## Loslitdag




Ons kan nie wag vir Loslitdag op 1 September nie. Loslitplakkers is alreeds te koop teen R20 per plakker. Ons sal dit waardeer indien u van u kontakte kan nader om ook vir Paarl-skool te ondersteun met Loslitdag.


## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



## Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**
ontwikkeling@paarlskool.org.za
**Elizbè van der Colff:**
psos@paarlskool.org.za
021 981 3756



## Klub100

Ondersteun die PSOS deur maandeliks 'n bydrae van R100 (of meer) te maak.

## Korporatiewe donasies

Artikel 18A belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.